

5 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 11:1-24

Fokusgedeelte: DL, VD 1:9

Geen volk is beter as 'n ander nie – party ontvang net meer genade!

Hoekom gebeur dit dat God die evangelie eerder na een volk as na 'n ander stuur? “Dit gebeur omdat die een volk beter en waardiger is as die ander aan wie die evangelie nie meegedeel word nie,” sê die dwaalleraars. Dit is “enkel en alleen die welbehae van God wat die oorsaak is,” sê ons belydenis. Een volk is dus nie beter as 'n ander nie, maar party volke ontvang meer genade.

So het Israel in die Ou Testament meer genade as die ander ontvang. God het hulle, 'n ou klein en onbelangrike volkie, gekies om sy volk te wees. Dit het op hulle die verpligting gelê om 'n lig vir die nasies te wees, 'n verpligting waarin hulle liederlik gefaal het. Daardeur het God besluit om die evangelie ook na die heidennasies, die nie-Jode, te stuur.

So het dit gebeur dat die evangelie ook by ons volk uitgekom het. Maar nou mag ons nie dink ons is beter as ander volke nie. Al is ander takke uitgekop sodat ons ook op die volk van God geënt kon word, geld die waarskuwing van Romeine 11:18-21 ook vir ons: “Moet jou nie bo die ander takke verhef nie! Moet jou ook nie verbeel jy is iets nie: dit is nie jy wat die wortel dra nie, die wortel dra jou ... Moenie daarvoor hoogmoedig wees nie ...”

'n Volk wat die evangelie ontvang het, het dus niks om op trots te wees of rede om verwaand te wees nie, maar het eerder groot rede om dankbaar te wees en om 'n lig vir die ander nasies te wees. Wat maak u met hierdie roeping? Wat maak u gemeente met hierdie roeping?

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~